LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

(012) 345-1031
info@lardies.co.za

www.lardies.co.za

11 Augustus 2021

Geagte Ouers

TOETSREEKS VAN KWARTAAL 3 VIR GRAAD 4 - 7

Die toetsreeks vir die Gr 4 - 7 leerders begin môre, 12 Augustus. Toetse word op Dinsdage en Donderdae geskryf gedurende die toetsperiodes.

Leerders wat in isolasaie is is a.g.v. Covid sal die vraestelle aanlyn skryf. Indien ‘n leerder nie toegang tot ‘n rekenaar het nie moet u asb. die registeronderwyser in kennis stel sodat die vraestel geskryf kan word sodra die leerder terugkeer skool toe.

Ontvang hiermee die inligting en prosedures vir leerders wat tydens die toetsreeks afwesig is. **LET WEL** dat isolasie vraestelle slegs vir leerders is wat isoleer a.g.v. Covid verwante afwesighede. Isolasie vraestelle is nie vir leerders wat afwesig is a.g.v. siekte nie.

TOETS PROSEDURES

- Die betrokke vraestel sal om 07:30 op Google Classroom vir die leerder geplaas word. Die toets word geskryf vanaf 07:45 - 08:45
- U moet asseblief die vraestel uitdruk, maak asb seker dat alle bladsye gedruk is. Indien u nie ‘n drukker het nie mag die vraestel op lyntjies papier voltooi word en geskandeer word.
- **NB!!** Alle geskrewe vraestelle moet ingehandig word sodra die leerder terugkeer skool toe.
- Die leerder moet op Google Meet inskakel met die korrekte MEET kode. Sien die meet kodes aangeheg.
- Maak asb vroegtydig seker van die volgende:
  - ➔ Werk die rekenaar se kamera en klank
  - ➔ Die kamera en klank van die rekenaar moet te alle tye tydens die toets aangeskakel wees
  - ➔ Maak seker dat u genoegsame data en internet spoed by die huis het om hierdie proses suksesvol te kan afhandel.
  - ➔ Indien ‘n vraestel gedruk moet word, moet u in besit wees van ‘n werkende drukker
- Wanneer die leerder die toets voltooi het (in die gegewe tyd soos vasgestel) moet die antwoordstel geskandeer word en na die betrokke **Vakonderwyser** ge-epos word, nie later as 15min na afloop van die vraestel nie. Sien die aflaai van die CamScanner toepassing aangeheg.
- Epos adresse van onderwysers is op bl. 12 - 15 in die leerderdagboek.

TOETSROOSTER KWARTAAL 3

DATUM	DAG	VAK	GRAAD
12 Augustus	**Donderdag**	Afrikaans Begrip	Gr. 4 - 7
17 Augustus	**Dinsdag**	Eng Comprehension	Gr. 4 - 7
19 Augustus	**Donderdag**	PSW	Gr. 4 - 6
		SK Prakties	Gr. 7
24 Augustus	**Dinsdag**	Afrikaans Taal	Gr. 4 - 7
26 Augustus	**Donderdag**	English Language	Gr. 4 - 7
31 Augustus	**Dinsdag**	Geskiedenis	Gr. 4 - 6
		LO	Gr. 7
2 September	**Donderdag**	Wiskunde	Gr. 4 - 7
7 September	**Dinsdag**	Geografie	Gr. 4 - 6
		Geskiedenis	Gr. 7
9 September	**Donderdag**	Afrikaans kreatiewe skryf	Gr. 4 - 6
		Tegnologie	Gr. 7
14 September	**Dinsdag**	NW & Teg	Gr. 4 - 6
		NW	Gr. 7
16 September	**Donderdag**	English Creative Writing	Gr. 4 - 6
		Geografie	Gr. 7
21 September	**Dinsdag**	Wiskunde	Gr. 4 - 6
		EBW	Gr. 7

GOOGLE MEET KODES

Graad 4	Google Meet Kode
Afrikaans	afr4
Engels	eng4
Wiskunde	wisk4
NW & Teg	nwt4
Geografie	geo4
Geskiedenis	gesk4
SK	sk4
PSW	psw4

Graad 5	**Google Meet Kode**
Afrikaans	afr5
Engels	eng5
Wiskunde	wisk5
NW & Teg	nwt5
Geografie	geo5
Geskiedenis	gesk5
SK	sk5
PSW	psw5

Graad 6	**Google Meet Kode**
Afrikaans	afr6
Engels	eng6
Wiskunde	wisk6
NW & Teg	nwt6
Geografie	geo6
Geskiedenis	gesk6
SK	sk6
PSW	psw6

Graad 7	**Google Meet Kode**
Afrikaans	afr7
Engels	eng7
Wiskunde	wisk7
NW	nw7
Geografie	geo7
Geskiedenis	gesk7
SK	sk7
LO	lo7
Tegnologie	teg7
EBW	ebw7

AFLAAI VAN CAMSCANNER TOEPASSING

- Indien u nie ‘n persoonlike skandeerder tuis het nie, versoek ons dat u die CamScanner toepassing op u selfoon aflaai, om die vraestelle te skandeer.
- Wanneer u in die toepassing is gaan na die kamera knoppie aan die onderkant van die skerm.
- Skandeer dan u kind se vraestel (dieselfde proses as om ‘n foto te neem). Maak asseblief seker dat alle bladsye geskandeer is.
- Wanneer u hierdie taak voltooi het klik op die dokument en klik op die “Edit PDF” knoppie aan die onderkant van die skerm.
- Druk regs bo “Share” en epos dan na die betrokke Departementshoof.

Baie sterkte aan elke Lardie wat tans voorberei vir die toetsreeks, ons glo en vertrou julle sal net jul beste lewer.

Vriendelike groete

ME H BARKHUIZEN
ADJUNKHOOF

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF